IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING

SAAKNOMMER: SS.12/2005

DATUM: 31 OKTOBER 2005

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

KEVIN GOUWS

---

## UITSPRAAK

(AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER)

VELDHUIZEN, R:

In hierdie aangeleentheid het ek vanoggend die beskuldigde gevonnis, nadat ek by 'n vorige geleentheid bevind het dat die verrigtinge in die streekhof ooreenkomstig die reg geskied het.

Advokaat Mihalik, wat namens die beskuldigde verskyn, doen nou aansoek om verlof om te appelleer op verskeie gronde. Hy vra ook vir 'n spesiale inskrywing omdat ek, voordat ek uitspraak gegee het op die meriete, nie die ondersoekbeampte

geroep het as getuie nie.

Wat die verlof tot appèl op die gronde wat hy genoem het betref, moet ek meld dat hierdie was almal oorweeg deur my en ek het nie gemeen dat dit genoegsaam gewig dra om in te meng met die landdros se skuldigbevindings nie.

Wat die aansoek om 'n spesiale inskrywing betref, was die getuie geroep nadat ek reeds my bevinding uitgebring het en net voor vonnis. Ek meen nie dat daar enige meriete in hierdie aansoek is nie.

Die aansoek om verlof tot appèl en spesiale inskrywing word gevolglik <u>VAN DIE HAND GEWYS</u>.

..........................................................

VELDHUIZEN, R